SAKE 24 (Beeld Naweek)
24 Mar 2012, p.13

TAKS-AFTREKKING

# Só vind jy baat by 'n uittree-annuïteit

**Vraag:** Bydraes tot 'n aftree-annuïteit is aftrekbaar van belasting, maar beperk tot 15% van jou netto inkomste, uitgesluit pensioendraende inkomste, en die gedeelte van die bydraes wat die perk oorskry, kan die daaropvolgende jare afgetrek word.

Wat word van 'n balans wat oor is by jou afsterwe – kan dit van jou boedel afgetrek word of gaan dit net verlore?

**Nico van Gijsen, senior boedel- en belastingbeplanner verbonde aan die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa), antwoord:** 'n Uittree-annuïteit (UA) is die mees belastingvriendelike belegging om voorsiening vir aftrede te maak. Nie net vanweë die aftrekbaarheid van premies terwyl jy spaar nie, maar ook vanweë ander deurlopende belastingtoegewings, ingesluit boedelbelasting.

Bydraes tot 'n uittree-annuïteit kan kragtens art. 11(n)(aa) van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) afgetrek word tot (i) 'n maksimum van 15% van nie-pensioendraende inkomste, (ii) R3 500 minus enige bydrae tot 'n pensioenfonds, of (iii) R1 750, watter een van dié drie ook al die grootste is.

Nie-pensioendraende inkomste verwys na daardie inkomste waaruit geen bydrae tot 'n pensioenfonds gemaak word nie.

Dit is nie korrek om te sê dat 15% van "netto inkomste" aftrekbaar is nie. Bedrae ontvang as aftreefonds-kontantbedrae en skeidingspakkette vorm wel deel van netto inkomste, maar is uitgesluit van die 15%-aftrekking.

Sekere ander belastingaftrekkings, soos dié aan 'n mediese fonds, sal ook die uiteindelike "inkomste" wat in ag geneem word, verminder.

Bydraes tot 'n UA wat in 'n belastingjaar dié perk oorskry, kan in daaropvolgende jare afgetrek word en word dan geag bydraes te wees wat in daardie betrokke jaar betaal word.

Dit is nie bykomend tot die aftrekbaarheid van bydraes in 'n spesifieke jaar nie. Die perk bly jaarliks dieselfde, maar die aftrekking kan voortduur totdat alle bydraes afgetrek is.

Ek kan dalk net hier noem dat die opbrengs op UA-beleggings, met ander woorde die groei in jou fonds, vrygestel is van inkomste-, kapitaalwins- en dividendbelasting – anders as met ander beleggings.

By aftrede is een derde van die fondswaarde beskikbaar as 'n kontantbedrag.

Van dié bedrag is R315 000 (eenmalig uit alle fondse) belastingvry. Die tweede R315 000 word teen 18% belas, die derde R315 000 teen 27% en alles wat oorbly teen 36%.

Wat dalk nog nie so bekend is nie, is dat 'n wetswysiging wat van 1 Maart 2011 geld, beteken dat die belasting op skeidingspakkette sedert dié datum anders bereken word.

Voorheen is dit belas kragtens art. 10(i)x van die wet, wat onder meer 'n belastingvrye R30 000 daargestel het. Nou word dit gesamentlik geneem as 'n aftree-enkelbedrag en volgens dieselfde skaal belas as met aftrede – nie afsonderlik nie, maar gesamentlik.

By sterfte geld spesiale reëls. Eerstens val 'n UA nie in jou boedel vir boedelbelastingdoeleindes nie. Kragtens par. 3 van die tweede skedule van die wet word jy geag om by dood die dag vóórdat jy gesterf het uit te getree het uit die UA.

Dieselfde reëls geld dus ten opsigte van die beskikbare kontantbedrag en die belasting daarop.

Die belasting, waar van toepassing, sal van die begunstigde verhaal word.